higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGSTRUKTURE EN MANDATE
NKR VLAK 3

(8021013)

14 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

266Q1N2214

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in Afdeling D.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Die primêre doel van die Suider-Afrikaanse Bedrogvoorkomingsdiens is om data ter voorkoming van bedrog met alle sektore van die Suid-Afrikaanse sakesektor te deel.

1.2 Die Suid-Afrikaanse Grondwet is die hoogste gesag in die Republiek. Wetgewing of optrede strydig met die Grondwet is geldig, en die verpligtinge wat daardeur opgelê word, moet nie nagekom word nie.

1.3 Munisipale of metropolisiedienste het die bevoegdheid om strafregtelike ondersoeke binne die munisipaliteit se jurisdiksie uit te voer.

1.4 Wanneer die Premier besluit om 'n Nasionale Direkteur of Adjunkdirekteur van Openbare Vervolgings uit 'n amp te onthef, moet die redes en argumente binne 14 dae aan die Parlement voorgelê word.

1.5 Die Litigasie-eenheid vir Prioriteitsmisdade is in 2003 by presidensiële proklamasie geskep om ondersoeke en vervolging met betrekking tot slegs volksmoord en misdade teen die mensdom te bestuur en te reël.

1.6 Indien 'n klaer nie tevrede is met die manier waarop 'n hoër hof se hoofaanklaer 'n klagte hanteer het nie, behoort hy/sy die klagte skriftelik aan die Direkteur van Openbare Vervolging te rig.

1.7 Die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling het ten doel om toeganklike, billike, vinnige en kostedoeltreffende geregtigheid te lewer.

1.8 Die Suid-Afrikaanse Bankrisiko-inligtingsentrum se doel is om die belangrikste swakhede en verstoppings in die strafregsplegingstelsel deur middel van kort- en mediumtermyn-ingrypings uit te skakel.

1.9 Die kern van die konsep van herstellende geregtigheid is die erkenning dat misdaad meer as 'n oortreding teen die staat is, maar ook 'n onreg of wandaad wat teenoor 'n ander persoon gepleeg word.

1.10 Die Nasionale Instituut vir Misdaadrehabilitasie is gestig om maatskaplike kwesbaarhede en ongelykhede onder gevangenes te hanteer.

(10 x 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies ’n item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Witskrif oor regstellende aksie in die Staatsdiens	A	gedragskode
2.2	Onskuldig totdat hy of sy deur ’n geregshof skuldig bevind word	B	lojaliteit aan die Grondwet, Republiek en sy mense
2.3	Verantwoordelikheid berus by die openbare vervolger om genoeg getuienis aan die hof te lewer om te bewys dat die beskuldigde aan die misdryf skuldig is	C	batebeslagleggingseenheid
2.4	’n Stel reëls wat die maatskaplike norme, reëls, verantwoordelikhede en behoorlike praktyke uiteensit	D	gespesialiseerde kommersiële misdaadeenheid
2.5	Beginsels van samewerkende regering en interregeringsbetrekkinge	E	maritieme beamptes
2.6	Maak ’n impak op geselekteerde kategorieë van prioriteitsmisdade	F	vermoede van onskuld
2.7	Ondersoek en vervolg komplekse misdade effektief, veral ekonomiese misdade	G	maatskaplike dienste
2.8	Wetstoepassingsbeamptes aangestel om die reg af te dwing en ons see te beskerm	H	bewyslas
2.9	Beamptes verantwoordelik vir lugverkeer	I	hersiening van bestuurspraktyke
2.10	Assesseer oortreder en bied behoeftegebaseerde programme en dienste om herintegrasie van oortreder in gemeenskap te bevorder	J	burgerlike lugvaartbeamptes
		K	beregting
		L	litigasie-eenheid vir prioriteitsmisdade

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

verpligte verblyf; bemagtigende; Hoë Hof; herstellende geregtigheid; Seksuele Oortredings en Gemeenskapsaangeleenthede; afwending; Nasionale Vervolgingsgesag; ondergeskikte; ondersoekdirektoraat; Kantoor vir Getuiebeskerming; Departement van Korrektiewe Dienste; lae hof; kantoor vir getuiebeskerming

3.1 Die wette wat deur Parlement uitgevaardig is wat ’n persoon of entiteit magtig om gesag uit te oefen deur ’n handeling uit te voer, ’n besluit te neem of ’n beleid uit te voer, staan bekend as ... wetgewing.

3.2 Die wette wat uitgevaardig word deur die uitvoerende vertakking van die staat of ander liggame aan wie die Parlement ’n mate van wetgewende bevoegdhede gedelegeer het, staan bekend as ... wetgewing.

3.3 Die Eenheid vir ... monitor en ondersoek mensehandel.

3.4 Die verantwoordelikhede van die ... is om strafregtelike verrigtinge te inisieer en enige nodige funksies uit te voer wat met sodanige spesiale strafregtelike verrigtinge verband hou.

3.5 Die ... het die bevoegdheid om enige noodsaaklike funksies uit te voer wat vereis word wanneer sodanige strafregtelike verrigtinge ingestel en uitgevoer word, insluitend ondersoeke.

3.6 In die ... is die voorsittende beampte ’n regter.

3.7 In die ... is die voorsittende beampte ’n landdros.

3.8 Gesinsgroepkonferensie is ’n ontmoeting van aangesig tot aangesig tussen die slagoffer, oortreder en die mense wat hulle ondersteun en andere wat deur die voorval geraak word. Hierdie benadering is op waardes van ... gegrond.

3.9 ... is ’n wegbeweeg van bestraffende en vergeldende geregtigheid na rehabiliterende, opvoedkundige en ontwikkelingsgerigte opsies wat op ondersteuning, versoening en genesing gerig is.

3.10 Die Wet op Kindergeregtigheid maak voorsiening vir kinders wat skuldig bevind is aan oortredings om tot ... in ’n kinder- en jeugsorgsentrum gevonnis te word.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord die volgende kortvrae in die ANTWOORDBOEK.

VRAAG 4

4.1 Die Witskrif oor Korreksies beklemtoon die aktiewe betrokkenheid van die Departement van Korrektiewe Dienste in gemeenskapsinisiatiewe en -projekte om die bereiking van die DKD se doelwitte van misdaadvoorkoming en die effektiewe herintegrasie van oortreders te fasiliteer.

Beskryf die riglyne van die beleidsraamwerk vir gemeenskapsdeelname.
(8 × 1) (8)

4.2 Geslagsgebaseerde geweld (GGG) is 'n diepgaande en wydverspreide probleem in Suid-Afrika en het 'n uitwerking op byna elke lewensaspek. GGG (wat vroue en meisies disproporsioneel raak), is sistemies en diep verskans in instellings, kulture en tradisies.

4.2.1 Verduidelik die oogmerk van SOGS ('SOCA'). (2)

4.2.2 Noem VIER sake wat SOGS monitor en ondersoek. (4)

4.2.3 Bespreek die doelwitte van SOGS. (4)

4.3 Die Parlement delegeer sommige van sy regskeppende bevoegdhede aan die uitvoerende of regsprekende vertakking van die staat.

Gee VIER redes waarom die Parlement hierdie bevoegdhede delegeer. (4)

4.4 Besigheid teen Misdaad (BACSA) is in 1996 gestig in antwoord op die uitnodiging deur die destydse President Nelson Mandela aan die sakegemeenskap om saam met die regering in die stryd teen misdaad te werk.

Verduidelik die TWEE rolle van BACSA. (2)

4.5 Identifiseer enige TWEE van die spesiale kategorieë persone in die gevangenis. (2)

4.6 Gee enige VIER belangrike rolspelers in 'n strafhof. (4)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 5

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae in die ANTWOORDBOEK.

LEËR ONTPLOOI IN KWAZULU-NATAL EN GAUTENG OM PRO-ZUMA-GEWELD TE ONDERDRUK

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag het met voorontplooiing beging om soldate na KwaZulu-Natal en Gauteng te stuur terwyl gewelddadige oproerigheid uit protes teen voormalige president Jacob Zuma se gevangenisstraf voortduur. Demonstrasies het daartoe gelei dat inkopiesentrums en ander eiendomme aan die brand gesteek en in sommige gevalle vernietig is. Tot dusver het die onrus die lewens van sewe mense geëis. In 'n verklaring Maandag het die SANW-woordvoerder, brigadier-generaal Mafi Mgobozi, gesê 'n versoek om hulp is ontvang van die Nasionale Gesamentlike Operasionele en Intelligensiestruktuur (NATJOINTS) om wetstoepassingsagentskappe by te staan wat in Gauteng en KwaZulu-Natal ontplooi is. Hy het gesê dat die duur en getal soldate bepaal sal word op grond van die assessering van die situasie op grondvlak deur die betrokke wetstoepassingsagentskappe. Daar moet ook beklemtoon word dat die doel van die SANW se ontplooiing is om veiligheid en 'n veilige werksomgewing vir lede van die SAPD en ander wetstoepassingsagentskappe te voorsien terwyl hulle hul grondwetlik gemandateerde pligte uitvoer om wet en orde te handhaaf. Mgobozi het gesê dat inligtingsessies oor die ontplooiing van die SANW mettertyd sal volg.

Op Maandag het die geweld en plundering onverpoosd in KwaZulu-Natal en Gauteng voortgeduur. Die eThekwini Metropolisiedepartement en oproeriges het op mekaar geskiet op die N2 naby die Westwood-winkelsentrum in Durban. 'n Beampte is in die skietery gewond. In Mayville naby die stad is 'n moskee aan die brand gesteek, terwyl plundering in KwaMashu by die Bridge City-winkelsentrum voorgekom het. Makro in die Cornubia-sakedistrik is afgesper en geplunder; so ook winkels in Glenwood by die Glenwood Village-winkelsentrum. In Johannesburg het botsings tussen polisie en oproeriges tot Sondagaand voortgeduur. Sommige winkeleienaars het probeer om te red wat oor was van hul ondernemings nadat oproeriges alles geplunder het wat voorgekom het. Meer skade aan eiendom is in ander gebiede om Durban aangemeld. Die voorsitter van die Parlement se verdedigingskomitee, Cyril Xaba, het gesê 'n dringende vergadering oor die aangeleentheid is vir Woensdag belê.

[Bron: *www.news24.com*]

5.1 Noem die hooffunksie van die SANW. (1)

5.2 Ontleed die artikel en bespreek in besonderhede NEGE rolle en funksies van die SANW wanneer hulle onder buitengewone omstandighede ontplooi word om die SAPD by te staan. (9)
[10]

VRAAG 6

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae in die ANTWOORDBOEK.

GEWELD IN SA: BEWEERDE AANSTIGTERS SAL IN HOF VERSKYN

JOHANNESBURG – Twee verdagtes wat daarvan beskuldig word dat hulle die onlangse geweld en plundering aangehits het, verskyn Maandag in die hof.

Een verskyn in die Randfontein-landdroshof, terwyl die ander in die Westonaria-landdroshof verskyn.

Een van die verdagtes is na bewering verantwoordelik vir 'n stemnota wat geweld op sosiale media aangehits het.

[Bron: *www.enca.com*]

Onderskei tussen die rolle en funksies van die laer howe in Suid-Afrika deur na die volgende aspekte te verwys:

- TWEE tipes laer howe (2)
- Jurisdiksie rakende misdaad (4)
- Tipes sake (2)
- Verskillende vonnisse (2)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

VRAAG 7

Sektorpolisiëring is 'n benadering tot polisiëring waar die diensarea van 'n polisiekantoor in kleiner, meer hanteerbare areas bekend as sektore verdeel word. Indien 'n polisiekantoor 'n sektorpolisiëringsbenadering aanvaar het, moet hy 'n sektorforum vir elke sektor vestig. Hy kan ook bestaande gemeenskapstrukture gebruik as 'n alternatief om gemeenskapsinteraksie en deelname aan misdaadvoorkoming-inisiatiewe te ondersteun.

Bespreek breedvoerig die beginsels van sektorpolisiëring deur na die volgende te verwys:

- Beginsels (15)
- Voordele (5)

[20]

OF

VRAAG 8

Die staat beskou misdaadvoorkoming as 'n nasionale prioriteit aangesien misdaad 'n ernstige bedreiging vir ons demokrasie inhou. Misdaad lei tot besering en lewensverlies asook die verlies van mense se werk. Die Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie (NMVS) beklemtoon die voorkoming van misdaad eerder as om op die Strafregsplegingstelsel staat te maak om oortreders in hegtenis te neem en skuldig te bevind.

Bespreek breedvoerig die NMVS deur na die volgende te verwys:

- Die VIER pilare (4)
- Doelwitte van elke pilaar (16)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou